VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 11 - Uitgawe 17
Kontak ons: kerkinfo@ngkvs.co.za

23 Mei 2014

Beste Vrypossers

Die winter is hier en daarmee saam is daar altyd groot nood onder mens en dier wat aan die uiterste elemente blootgestel is. Kom ons gebruik dié seisoen om uit te reik na ander en daarmee saam, omgee-harte te kweek.

Volgende Donderdag 29 Mei 2014 vier ons Hemelvaart - neem asseblief kennis dat die Sinodale Kantoor op hierdie dag gesluit sal wees.

1. 'N DANKDIENS VIR REëN: Die *Mangaung Agricultural Forum* het tydens die vreeslike somerdroogte, 'n groot biddag vir reën in Bloemfontein gehou. Willie Oosthuizen van hierdie Forum,

skryf die volgende: *Na 'n lang tydperk met min of geen reën is ons smeekgebede verhoor en het die klimaat verander. Die reën het gekom om alles te verander. Die landbou is geseën met goeie oeste en die veld het sodanig herstel dat daar weiding is vir die vee. Daar is water in die damme en kos op die winkelrakke. Ons is só dankbaar vir die genade wat so onverdiend op ons uitgestort word, daarom wil ons teruggaan om ons dank aan God te gaan betuig.*

*Met die hulp en samewerking van die personeel van die CRC kerk in Bloemfontein, gaan ons op **Vrydag 30 Mei 2014 om 10:00, 'n dankdiens** in die gebou van die CRC kerk hou. Laat ons die oggend in ons massas opdaag om God te loof en te prys vir Sy groot genade.* Alle Bloemfontein-gemeentes word versoek om hierdie inligting aan hul lidmate oor te dra.

2. GEMEENTES BIED AAN:

➢ **BASAAR:** Dit wil voorkom of **Saterdag 31 Mei 2014** dié spesiale dag van die jaar is om kerkbasaar te hou. In verlede week se uitgawe was ook reeds 'n hele paar gemeentes aangedui (kyk weer by "Herhalings"). Inligting oor die volgende gemeentes se basaargeleenthede is hierdie week ontvang:

- **NG Gemeente Wilgehof - vanaf 10:00** op die kerkterrein te Johannes Rabiestraat, Wilgehof. Vir navrae kontak vir Gerbri de Beer by 051 522 9086 / 083 975 9568, of Marietjie Smith by die Kerkkantoor, 051 522 2969 / 072 226 4589.

- **NG Gemeente Gardeniapark – vanaf 09:00** op die kerkterrein te Jasmynlaan 3, Gardeniapark. Die volgende program word aangebied:
  - 09:00 - Opening / verkope begin
  - 09:05 - Optrede deur Bloemfontein Kinderkoor
  - 10:00 - Optrede deur Eduplusskool se Pom-Pom's
  - 10:45 - Optrede deur die Van Riebeeck Volkspele-laer
  - 11:15 - Veiling van twee blesbokke

  Musiek sal deurlopend deur Rowland en Johnny Fincham verskaf word – vir meer inligting, kontak die Kerkkantoor by 051 522 0392 (vm).

By beide hierdie geleenthede sal al die lekker dinge van 'n kerkbasaar te koop aangebied word, met teetuine, ensovoorts.

➢ **WILDSFEES:** Die **NG Gemeente Langenhovenpark** hou weer hulle Wildsfees op **Vrydag 6 Junie 2014, vanaf 17:00 die**

middag. Daar word hierdie jaar weer ‘n potjiekoskompetisie gehou met groot pryse wat

gewen kan word. Koste vir ‘n wildspotjie is R120, ander potjies is R100 per pot. **Inskrywings kan by die kerkkantoor gedoen word vóór of op 2 Junie om 12:00.** Daar gaan ook wild-*steak* gebraai word @ R100 vir vier *steaks* - **kaartjies hiervoor moet asseblief by die kerkkantoor gekoop word**. Potjiekos, worsbroodjies, wildsvleis, biltong, droëwors en drinkgoed sal te koop aangebied word. Vir die jongklomp is daar ‘n springkasteel en ook ‘n piekniekgeleentheid vir die Gr 4- tot Gr 10 jeug. Besoek die kerkkantoor te h/v Boerneef en- Etienne le Rouxstraat, Langenhovenpark, Ma tot Vr vanaf 08:00 tot 12:00, of skakel 051 446 2225. Vir verdere navrae kan ds Hennie Pistorius op 076 176 4530 geskakel word.

2013-wenners van die wilds potjiekoskompetisie (Rohann van Eck se span)

- **‘N LEKKER VERHOOGPRODUKSIE:** Die **NG Gemeente Bloemheuwel** (geleë te Haarburgersingel, Westdene), bring die vertoning, ***VOORSKOOT & Lipstiek*** na Bloemfontein op

Saterdag 21 Junie 2014 om 10:00. Dié produksie met Marinda Engelbrecht van Kokkedoor 2013-faam en Herman Lensing (Sarie se kosredakteur), is deur die skreeusnaakse Marion

Holm (Sussie) geskryf. Dit kom slegs vir die een vertoning Bloemfontein toe en is reeds hoog by die Universiteit van Stellenbosch se Woordfees aangeslaan en het ook vol sale by die KKNK getrek! Hierdie produksie betrek al die sintuie, jy hoor, sien en ruik hoe Elsa vir haar seun, wat van die stad af kom, 'n feesmaal voorberei. Hoekom sou sy dit wou doen? Elsa sê egter later: "As jy nie respek het vir kos nie, kan jy ook nie respek vir jouself hê nie!" Almal, van jonk tot oud kan hierdie produksie kom geniet @ R110pp – vir kaartjies, kontak vir Marieta by die Kerkkantoor op 051 447 7468.

3. SKOOLVERLATERSKAMP: Hierdie lewensverrykende motiveringskamp vir matrikulante vind in die **eerste week van die winter skoolvakansie (30 Junie – 4 Julie 2014)** by Udolfo-kampterrein naby Parys (in die Vrystaat) plaas. Hulle hoop die volgende happies sal julle lus maak om ook deel van hierdie geleentheid te wees:

- 'n Gestremde ortopediese dokter se getuienis oor, *Die sin van die lewe...*
- 'n Uitvoerende beampte van *Sasol* gee vuurwarm wenke oor werksonderhoude en *online* aansoeke.
- Die musiekleier is 'n guru met die *keyboard*... die musiek gaan *Live & Loud* wees...
- Jou *Facebook* gaan kreun onder die klomp nuwe vriende...

Klik gerus op die volgende skakels vir meer **inligting, voorblad bl 1** en **inskrywings- en vrywaringsvorm bl 2**.

4. BEKENDE SPREKER EN SKRYWER BESOEK

BLOEMFONTEIN: Dr Richard Blackaby, bekende spreker en skrywer van die gewilde *Beleef God*-materiaal, **besoek** Suid-Afrika gedurende September 2014 en **spesifiek vir Bloemfontein op 3 en 4 September**. Richard is die president van *Blackaby Ministries International* en woon in Atlanta, Georgia. Hy reis internasionaal om lesings oor leierskap in die huis, kerk en die markplein aan te bied. Richard bedien Christelike sakemanne en besigheidsleiers. Hy het 'n BA-graad in Geskiedenis en 'n MDiv en PhD graad in Kerkgeskiedenis, sowel as 'n eredoktorsgraad van die *Dallas Baptist University*. Richard is die outeur en mede-outeur van baie boeke, insluitende verskeie van die *Beleef God*-reeks. Sy besoek is daarop gerig om Besigheidspersone, Geestelike Leiers en huisgesinne aan te moedig om God te beleef en te ervaar en 'n verskil vir Jesus te maak. Moenie die geleentheid misloop nie – klik **hier** vir sy program in Bloemfontein. Vir meer inligting, kontak vir Charles James 082 322 5484, Jacques Killian 082 440 0795, Arno van Niekerk 084 208 6211, Carel vd Merwe 082 821 7600, of Nico Mostert 084 560 4671.

5. SERTIFIKAATKURSUS - NUWE VENOOTSKAP TUSSEN HUIS & KERK:

Die Emmaus Sentrum vir Geloofsvorming bied weer **vanaf 1 Junie 2014 'n eenjaar-afstandsonderrigkursus**

aan wat gemeentes kan help om 'n volhoubare Familiebedieningstrategie te implimenteer. Die kursusmateriaal en aanbiedinge geskied elektronies (in die vorm van twee e-boeke en DVD aanbiedinge wat studente vooraf op 'n geheuestokkie ontvang). Daar word vier opdragte gedurende die kursus ingehandig en besprekings geskied via *Facebook*. Die opdragte hou verband met die gemeente se bediening aan jeug en families en dien as die werksdokument wat na afloop van die kursus geïmplimenteer kan word. Dr Neil du Plessis van NG Weltevreden lei die kursus. Studente verdien 30 VBO punte met die voltooiing van die kursus. **Daar is slegs plek vir 30 studente**. Belangstellende predikante, jeugleiers en lidmate betrokke by Jeug- en

familiebediening kan vir meer inligting op die volgende skakels klik, **webtuiste op http://bit.ly/1l6wMJZ** en vir **aanlyn advertensie op http://bit.ly/1v8c1Tr**

6. KERKBODE EN LiG: Klik op voorblaaie van die huidige **KERKBODE** en **LiG (Junie)** vir interessante en aktuele nuus:

7. NUUSBRIEF - TORINGS VAN HOOP: Klik **hier** vir die Mei-uitgawe.

8. BEROEPENUUS: Ds Ignatius Rademeyer van die **NG Gemeente Steynsrus** is na die NG Gemeente Meyerspark (Oostelike Sinode) beroep.

9. VAKATURES: Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Amptelik*** - ***Vakatures***.

10. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal - neem asseblief daarvan kennis!

Algemeen:
Skoonmaak-aksie, Happy Valley Bfn – 24 Mei
Herfsmark, Vrystaat Nasorgsentrum – 31 Mei
Nas Kinderbeskermingsweek – 26 Mei tot 1 Junie

NB – Info oor Vroue- en Mannekamp 2015

Gemeentes bied aan:
NG Hugenoot – bestel vooraf kerrie en rys of pannekoek vir Vrydagaand 23 Mei se ete
NG Kroonheuwel-Nrd, Leon Ferreira tree op: Saterdag 30 Mei
Verskeie gemeentes – basaars, kermisse, feeste 30 & 31 Mei & 7 Junie
NG Bethlehem-Nrd – Orrelkonsert: 5 Junie
NG Langenhovenpark, Sothoklasse vir Beginners: 5 Aug

11. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die personeellid en leraars wat gedurende die volgende week hul verjaarsdae vier - mooi wense vir 'n geseënde en vreugdevolle nuwe

lewensjaar:

26 MEI:
Thea Bosman – KOMMUNIKASIE & MODERAMEN, NGKVS - 051 406 6719 (k), 083 260 4049, **kerkinfo@ngkvs.co.za**

28 MEI:
Ds Danie Pretorius - VAALPARK, SASOLBURG - 016 971 4124, 072 580 1866, **pretoriusdj@absamail.co.za**

29 MEI:
Dr Hannes Els - KROONSTAD-SUID - 056 213 1177, 082 438 3284, **els@telkomsa.net**

12. TEN SLOTTE: *Hierdie enetjie kan nie so lekker in Afrikaans vertel word nie!*

Two Jewish Men

Two old Jewish men, Sid and Abe, are sitting in a Mexican restaurant one day. Sid asks Abe, “Do you know if any people of our ancestry were ever born and raised in Mexico?”

Abe replies, “I don’t know, let’s ask our waiter.” When the waiter arrives, Abe asks, “Are there any Mexican Jews?”

The waiter says, “I don”t know senor, I ask the cooks.” He returns from the kitchen after a few minutes and says, “No senor, the cook say no Mexican Jews.”

Abe isn’t satisfied and askes, “Are you absolutely sure?” The waiter, realizing he is delaing with “Gringos”, replies, “I check once again, senor”, and goes back into the kitchen.

While the waiter is away, Sid says, “I find it hard to believe that there are no Jews in Mexico. Our people are scattered everywhere.”

The waiter returns and says, “Senor, the head cook Manuel, he say there is no Mexican Jews.” “Are you certain?” Abe askes again. “I just can’t believe there are no Mexican Jews!”

Ready for this...

“Senor, I ask EVERYONE,” replies the exasperated waiter. “All we have is Orange Jews, Grape Jews, Prune Jews, Tomato Jews and Apple Jews, but no Mexican Jews!”

Groetnis tot volgende keer.

ANDRé ESTERHUIZEN
Voorsitter & Redakteur (**fin@ngkvs.co.za**)
Samesteller: Thea Bosman (**kerkinfo@ngkvs.co.za**)

namens Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

BESOEK VAN DR RICHARD BLACKABY:

PROGRAM:

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014:

10:30 - 15:30 Byeenkoms vir Geestelike Leiers
Plek: NG Gemeente Pellissier Vlakfonteinlaan 6, Pellissier
Tema: *Spiritual Leadership*
Koste: R150pp
18:30 - 20:00 Aandbyeenkoms vir Gesinne
Plek: Bloemfontein Baptiste Kerk Van Blerklaan 1, Spitskop (Langenhovenpark)
Tema: *Experiencing God at home*
Toegang gratis

DONDERDAG 4 SEPTEMBER 2014:

7:30 - 9:00 Ontbyt vir Sakeleiers
Plek: Grey College (Grey Pavilion)
Tema: *God in the Marketplace*
Koste: R150pp

Kontakbesonderhede – sien by hoofberig.

HERHALINGS:

INHOUD

1. ALGEMEEN:

- **SKOONMAAK-AKSIE IN BLOEMFONTEIN:** Ons herinner aan hierdie geleentheid wat in samewerking

met Torings van Hoop op **Saterdag 24 Mei 2014 tussen 09:00 and 11:00** in **Happy Valley**, Bloemfontein, gaan plaasvind. Kom met jou handskoene en grawe en help hulle om Happy Valley skoon te maak en ‘n praktiese verskil te maak! Vir meer inligting, kontak gerus vir De la Harpe le Roux by **dvleroux@telkomsa.net.**

- **HERFSMARK - VRYSTAAT NASORGSENTRUM:** Hierdie Sentrum vir die versorging van intellektueel gestremde volwassenes, bied op **Saterdag 31 Mei 2014 vanaf 08:00 tot 13:00** sy jaarlikse Herfsmark aan. Navrae kan gerig word by 051 436 6034/5, of 082 495 5574. Die Sentrum is geleë in Bloemendalweg, Rayton, Bloemfontein. Neem asseblief kennis dat SAMBA-kaarte vir aankope gebruik kan word en daar sal ook ‘n Nedbank- Autotellermasjien op die terrein beskikbaar wees.

- **NASIONALE KINDERBESKERMINGSWEEK (26 MEI - 1 JUNIE 2014):** Hiérdie week fokus daarop om mense bewus te maak van die weerloosheid van kinders. Die **Christelike Lektuurfonds** beskik oor 'n reeks pamflette spesiaal vir kinders, met verskillende temas wat onder meer geestelike groei, mishandeling, dwelmverslawing en lewenskeuses aanspreek. Hierdie pamflette is gratis, maar in beperkte hoeveelhede beskikbaar by CLF, aanlyn by **www.clf.co.za** of per e-pos by **info@clf.co.za**

- **BELANGRIKE INLIGTING – VROUELIDMATE, NG KERK VRYSTAAT:** Kommunikeer asseblief al dié inligting aan u lidmate (vroue en mans):

  ✓ **VROUETOERUSTINGSKAMP - 13 TOT 15 FEBRUARIE 2015:** Maselspoort, met dr Pieter van Jaarsveld van Stellenbosch, as die gasspreker. **NB! Besprekings is reeds oop,** klik **hier** vir die inskrywingsvorm met al die inligting.

  ✓ **MANNEKAMP - WYSIGING VERSKUIF NA 13 – 15 MAART 2015:** Maselspoort, met dr George Roux van

Somerset-Wes, as gasspreker. **NB! Besprekings is reeds oop,** klik **hier** vir die inskrywingsvorm met al die inligting.

✓ **SINODALE KONFERENSIE - 6 MEI 2015**: Pellissier Gemeente Bloemfontein, met prof Stephan Joubert as spreker.

Let wel, daar word in 2015 geen Ringskonferensies aangebied nie. Vir enige navrae oor bogenoemde, kontak vir Joanie Theron op 051 406 6732 (k), of stuur 'n e-pos na **gemeentes@ngkvs.co.za**

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **NIE LUS VIR VRYDAGAAND SE KOSMAAK NIE?:** Kom koop dan kerrie-en-rys @ R15, asook pannekoek @ R3 op **23 Mei 2014 vanaf 18:00** by die NG Gemeente Hugenoot, Picardystraat 2, Bayswater – **NB - bestellings hiervoor moet teen 12:00 op 22 Mei in wees!** Skakel gerus die kerkkantoor op 051 436 2659 (k/u Ma-Do 08:00-14:00 en Vr 08:00-13:30).

- **LEON FERREIRA TREE OP:** Hierdie bekende gospelsanger tree op **Vrydagaand 30 Mei 2014 om 18:30 vir 19:00 by die NG Gemeente Kroonheuwel-Noord in Kroonstad** op. By hierdie geleentheid gaan hy ook sy splinternuwe album, *Asemrowend*, bekendstel. Kaartjies kos R50pp en is beskikbaar by die kerkkantoor (Lientjie 056 212 4891), of by Estelle Fourie (076 027 6779). **Daar is slegs 500 sitplekke beskikbaar**, skakel dus dadelik vir 'n kaartjie! Heerlike hamburgers gaan ook te koop aangebied word en Leon sal van sy CD's by hierdie geleentheid verkoop.

- **BASAARS, FEESTE & KERMISSE:** Die volgende geleenthede vind plaas:

  ✓ **BASAAR NG VIRGINIA -** Vanaf **vroegoggend op Vrydag 30 Mei 2014**, gaan die braaivleisvure al hoog begin brand by Highlandslaan 65. Vir enige navrae, kontak

vir Rika by die kerkkantoor op 057 212 5524 (k/u Ma 08:00-13:00 en 14:00-16:00, Di-Vr 08:30-13:00).

- ✓ **BORRELFEES NG KESTELL** - Almal word na hierdie fees op **Saterdag 31 Mei 2014** uitgenooi. Danie Botha kuier heeldag by hulle en tree twee keer op. Om **08:00** word **afgeskop met 'n Jesusmars** saam met veteraanmotors en motorfietse in die dorp. Skakel 058 653 1200 vir navrae (k/u Ma-Vr 08:00-13:00).
- ✓ **BASAAR NG REDDERSBURG –** Vind op **Saterdag 31 Mei 2014 vanaf 09:00 op die kerkterrein plaas**. Hulle is bekend vir hul gasvryheid en heerlike saamkuier, dus is daar geen verskoning om nie daar 'n draai te gaan maak nie!
- ✓ **KUIERFEES ROOIKERK (NG UNIVERSITAS-WES) -** Vind op **Saterdag 31 Mei 2014 vanaf 09:00** plaas**.** Twee van die huidige Kokkedoor-finaliste (Cobus en Chris) gaan by hierdie geleentheid 'n demonstrasie lewer oor hoe om 'n "pierewaaierkoek" in 'n japtrap te bak. Kom geniet die oggend saam met hulle op die hoek van De Bruyn- en Van Schalkwykstraat in Universitas, Bloemfontein.
- ✓ **SONSKYNKERMIS NG BRANDFORT -** Vind op **Saterdag 31 Mei 2014 vanaf 08:00** plaas. Vir enige navrae, skakel vir Hanna op 082 873 2650 en vir die huur van uitstalruimtes, kontak 082 334 2684.
- ✓ **KERMIS NG HUGENOOT -** Vind op **Saterdag 7 Junie 2014 vanaf 09:00 – 13:00 op die kerkterrein** plaas. Vir meer besonderhede kontak die kerkkantoor gedurende kantoorure (08:00-14:00) by 051 436 2659. *Uitstallers is welkom om @R100 per uitstalruimte, hul artikels te kom uitstal, net géén kos nie asseblief. Belangstellendes moet so gou moontlik vir Wilma von Wielligh op 084 507 3608 skakel om plek te bespreek.*

- **ORRELKONSERT:** Die **NG Gemeente Bethlehem-Noord** (Kedronstraat 6, Bethlehem), bied op **Donderdag 5 Junie 2014 om 18:30**, 'n orrelkonsert aan deur Martin Mans.

Die koste is R100pp, R50pp vir hoërskoolkinders en kinders onder 12 kan dit gratis bywoon. Vir navrae, kontak die kerkkantoor op 058 303 4743 (k/u Ma-Vr 08:30-12:30).

- **BEGINNERSKLASSE IN SESOTHO**: Die **NG Gemeente Langenhovenpark** bied wéér hulle gewilde kursus in Sesotho aan. Dié kursus strek oor 30 weke en totale koste beloop R2 000. Die **kursus begin DV Dinsdag 5 Augustus om 18:30** en vind in die Gemeentesentrum van die NG Kerk Langenhovenpark plaas (oorkant die kerkgebou). **Registreer** asseblief **vóór of op Vrydag 1 Augustus om 12:00** - telefonies by 051 446 2225 of per e-pos by **ngklhp@mweb.co.za** – klik **hier** vir 'n volledige inligtingstuk. 'n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór, of op 4 Augustus 2014. **NB! Daar is slegs plek vir 25 studente.**

BEGINNERSKLASSE SESOTHO - 2014/5:

Die tyd waarin ons leef noodsaak goeie kommunikasie. Dit geld nie net kommunikasie met gesinslede en geloofsgenote nie, maar veral ook met soveel as moontlik van ons medelandsburgers. Volgens statistieke is sowat 65% Vrystaters Sothosprekend – dit is bykans twee derdes! Dit maak dus sin om Sesotho aan te leer ten einde onderlinge begrip en 'n beter verstaan van mekaar te bewerkstellig. Hier volg bietjie meer inligting rakende die Sesothokursus vir beginners wat aangebied word by die NG Kerk Langenhovenpark:

1. DOELWIT:

Om binne die bestek van dertig lesings die grondslag te lê vir die voer van 'n eenvoudige gesprek in Sesotho. Die vorige kursusse, wat net 16 weke geduur het, is intussen uitgebrei. Dit beteken dat die tempo stadiger sal wees ter wille van die meer effektiewe aanleer van nuwe materiaal. Dit laat ook meer tyd vir gesprek, herhaling en addisionele leeswerk in Sesotho.

2. BELANGRIKE UITGANGSPUNTE:

2.1 Suiwer *motiewe* sal ’n aanwins wees.

2.2 *Realistiese verwagtings*: om ’n taal aan te leer bly ’n groot uitdaging, maar is terselfdertyd ’n baie bevredigende ervaring.

2.3 *Commitment* en baie harde werk is onontbeerlik en sal ryklik beloon word!

2.4 *Klasbywoning* is van kardinale belang – ter wille van basiese grammatika en korrekte uitspraak van woorde.

2.5 Memorisering van *woordeskat*. Afgesien van die woorde in die voorgeskrewe literatuur, word nuwe woorde gereeld in die klas bygevoeg. Vra dus gerus vir woorde wat gereeld in jou leef- en werksomgewing gebruik word.

2.6 'n *Sesotho gespreksgenoot* is eweneens onontbeerlik! ‘n CD, wat van die materiaal wat behandel word herhaal, is op aanvraag by die dosent beskikbaar.

2.7 Sekere Suid-Sothosprekers verkies dit om *Engels* eerder as Sesotho te gebruik tydens gesprekke en veral in die openbaar. Gebruik altyd goeie oordeel!

2.8 *Teorie en praktiese oefening* sal tydens die lesings aandag kry. Skaamte gaan jou punte kos…

3. LITERATUUR:

3.1 Du Plessis, JA, Gildenhuys, JG & Moiloa, JJ. s.a. Tweetalige Woordeboek: Afrikaans – Suid-Sotho. Kaapstad: Via Afrika Bpk.

3.2 Emslie, CF 1984. Tharollo ya Leleme la Sesotho. Bloemfontein: PJ de Villiers Uitgewers (hierdie is die materiaal wat in die klas gebruik gaan word en ’n kopie van die relevante dele van die boek sal aan elke student verskaf word tydens registrasie op die eerste aand van die kursus. Die koste hiervan is reeds ingesluit by die prys).

3.3 Kok, CR & Botha, LC. 1992. Suid Sotho: Afrikaans Skoolwoordeboek. Bloemfontein: Pro Christo Publikasies.

3.4 Moiloa, JJ & Emslie CF, 1987. Nuttige Sesotho. Goodwood: NASOU Bpk.

3.5 Mokoena, Aubrey D. 2007 (3e druk). Sesotho made easy. A step by step guide. Pretoria: JL van Schaik.

3.6 Daar is ook hulpmiddele beskikbaar op die Internet byvoorbeeld Sesotho Online: **http://www.sesotho.org/**

3.7 ***Indien u enige van dié literatuur beskikbaar het, bring dit gerus saam na die lesings toe, maar, wag tot na die eerste lesing voordat u enige aankope doen.***

4. ALGEMENE OPMERKINGS:

4.1 'n Volledige kursushandleiding, wat al die lesingmateriaal bevat, sal tydens die eerste lesing aan elke student beskikbaar gestel word.

4.2 Teorie, praktiese oefeninge en tuiswerk vorm die basis van die kursus.

4.3 Weeklikse evaluering vind plaas.

4.4 Akademiese instellings soos die UV bied ook die vak aan.

4.5 Registreer asseblief by die kerkkantoor per telefoon by 051 446 2225 of per e-pos by **ngklhp@mweb.co.za**.
Registrasie sluit op 1 Augustus om 12:00.

4.6 Die totale koste beloop R2000. ’n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór of op 4 Augustus 2014 om 12:00.

4.7 Die lesings vind normaalweg plaas op Dinsdae 18:30 - 20:00 in die Gemeentesentrum van die NG Kerk Langenhovenpark (in die Kleinkerk). Sien die program in die kursushandleiding vir meer besonderhede.

5. ANDER BENODIGDHEDE:

'n Pen en skryfpapier.

Ek hoop jy geniet die kursus so baie soos ek en ontwikkel ook 'n voorliefde vir hierdie wonderlike taal!

Riaan Stander
Tel: 051 446 1131
Sel: 082 665 8478
E-pos: **myposduif@telkomsa.net**

Lig in die duisternis, ***hier vir God, mekaar en die wêreld***